

3 November - TAAL

Skrifgedeelte: Handeling 2 (NAV)

Fokusgedeelte: Handeling 2:6, 8

Ons Skrifgedeelte handel oor die gedeelte net na die uitstorting van die Heilige Gees.

Almal is deur die Heilige Gees vervul en het in ander *taal* gepraat. Galileërs het die evangelie verkondig en elkeen van die omstanders het dit in sy moedertaal gehoor. Perse, Mediërs, Elamiete sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, Jode, Kretensers en Arabiere het almal die evangelie gehoor in sy eie *taal*. Hulle was verbaas en uit die veld geslaan en het gevra wat hierdie dinge tog kon beteken.

Toe het Petrus opgestaan saam met die ander 11 apostels en onder die leiding van die Heilige Gees het hy die antwoord verskaf. Die antwoord is uit die Bybel, deur Woordbediening en die uitlê van die Skrifte. Die profeet Joël en Dawid gee die antwoorde op die vrae. Hoe is al hierdie dinge moontlik? So sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense, julle seuns en dogters sal as profete optree ... Daar is net een antwoord en dit is Christus.

Die hele Israel moes nou vas en seker weet, en in geloof sien, dat hulle sekerheid en antwoorde in die feit lê dat God vir Jesus Hére en Christus gemaak het. So is Hy in die profesieë en in die verwagting van die volk genoem: die Messias wat sal kom!

Van hierdie Messias preek Petrus, en hy toon aan die volk dat Jesus Christus die Messias is wat gekom het. Ons Heiland word nie alleen *Jesus* genoem nie, maar Petrus noem Hom ook *Christus*. God het Jesus Hére en Christus gemaak. In Handeling 2 toon Petrus aan: Christus het gesterwe, Hy het opgestaan en Hy het opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God waar Hy as Voorspraak vir ons met gebede intree by sy Vader. Deur Hom is al hierdie dinge moontlik, en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort.

Dit is wat julle nou sien en hoor in elke taal en seker moet weet: God het hierdie Jesus wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak.

Sing: Skrifberyming 5-3:2

Ds LAS Nel (Elandskraal)